

21 OKTOBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 113
FOKUSGEDEELTE: PSALM 113:1, 9.

“Halleluja!”

Soms leen ons 'n woord by 'n ander taal, omdat ons eie taal dit nie so mooi kan sê nie. *Halleluja!* is so 'n woord, eintlik 'n kort sin in Hebreeus. Dit sê: *hallel* (“prys”) *u* (“julle”) *ja* (“die Here”). Ons kan maar die uitroepteken bysit, want *hallel* is nie sommer net gewone prys nie. Dis om juigend, feesvierend te prys.

'n Mens kan dit sommer hoor aan die woord as jy jou mond groot moet oopmaak om die *a* van agter uit die keel te laat kom en dan die twee *l*e duidelik teen jou verhemelte te laat klink. Dit is 'n woord wat diep oortuiging en oorgawe vra as jy dit reg wil gebruik en reg wil laat klink. Dis 'n goeie woord om mee te begin en te eindig as jy die Here aanbid. Psalm 113 is een van die psalms wat dit vir ons leer. Dit begin en eindig met “Halleluja!”

Die psalm leer ons verder dat dit nie net oor die lekker klanke gaan nie. God self is die rede vir die uitbundige blydschap. Sy heerlijkheid oortref alles (vs. 4-5). Sy dade ken geen gelyke nie (vs. 6-9). As ek een van die geringes is wat ervaar het dat Hy, die grote God, my kom optel het uit my vernedering, dan het ek meer as genoeg rede om vir ander te sê hulle moet saam met my “Halleluja!” sing.

Sing: Psalm 150:3 (Totius-beryming)

Ds Johan Schutte (Sasolburg)